

24 Januarie - BEDEK

Skrifgedeelte: Psalm 32

Ons kan in die roes van ons sonde van God af wegbreek; trouens, dis ons oerdrang. Moet ons egter die hel só preek dat dit vir ons voel asof die vlamme rondom ons opslaan?! Moet sondaars afgeransel word; 'n versperring in die hemel aangebring word; mense vir God só bang gepreek word dat hulle volgende keer maar liever by voorbaat wegbly? Moet ons verwyte rondslinger? Of moet die genade so rojaal, so warm, so liefdevol verkondig word dat ons al nader en nader na God toe kom omdat daar by Hom vergewing is?

Dawid is uitgevang! Natan se besoek aan Dawid het hom ontmasker: Uria se dood, sy owerspel met Batseba. Só lank het hy dit weggesteek, dit só slim bedink dat geen mens ooit iets agtergekom het nie.

Maar wanneer hy hier skryf, is dit 'n ander Dawid. Nou pleit hy ... om genade, om vergifnis, 'n rein hart, 'n nuwe gees, standvastigheid, blydschap en bekering. "*Welgeluksalig is die man wie se oortredings vergewe, wie se sondes bedek is*" – weerklink die blye nuus uit die hemel.

Deur Jesus Christus vergewe (bedek) God ons ons sondes. Die skuld-brief van ons sondes is aan die kruis geheg, maar Jesus het gesê: "*Dit is volbring.*"

Dan bewerk die Heilige Gees 'n radikale verandering in jou hart, in jou lewensstyl en lewenskwaliteit; jou gesondheid baat, jou huweliks- en gesinslewe sprankel, jou verhoudings blom.

Sondevergifnis verbeter konsentrasie – jy word waaksaam, skerp-sinnig, punte styg, jy leer maklik, werk met 'n lied, jy's helder ... en bid gemaklik. Die sondaars Dawid en Batseba het grootouers geword van Jesus.

God vergewe die grofste sondes, maar ook die kleinste en die mees geheime sondes. En meteen verdwyn alle doods-vrese. Daar is sprankel, hoop, optimisme, want welgeluksalig is ons vir wie God bedek het!

Sing: Psalm 38:1

Ds PK Lourens (Bloemfontein)